# BOEKBESPREKING

R.T.J. LOMBARD. *Ermelo 1880-1980.* Stadsraad van Ermelo, 1980. 222 pp., R4,00.

Die Oos-Transvaalse dorp Ermelo het op 12 Februarie vanjaar sy honderdjarige bestaan op luisterryke wyse herdenk. By geleentheid van die feesvierings is 'n eksemplaar van die geskiedenis van die dorp en distrik — saamgestel deur dr. Lombard — aan onder andere die Staatspresident oorhandig.

Met die publikasie van hierdie boek is die lang gekoesterde ideaal van 'n omvattende geskiedenis oor dié lewenskragtige dorp en sy inwoners verwesenlik. Die geskiedenis van Ermelo is weliswaar in 1948 deur J.D.R. Opperman in 'n M.A.-verhandeling onder die loep geneem, maar hy het sy navorsing slegs tot en met die beëindigig van die Tweede Vryheidsoorlog in 1902 gevoer.

Die pioniersgeslag van Ermelo behoort deur dr. Lombard se gedenkboek met heimwee en trots vervul te word, want nie alleen word hulle aandeel in die opbou en ontwikkeling van die dorp na waarde geskat en in perspektief gestel nie maar ook vir die nageslag op skrif bewaar. By die huidige inwoners van hierdie gemeenskap sal die gedenkboek 'n verhoogde trots op en lojaliteit jeens hul mooi dorp wek, en toekomstige geslagte sal met dankbaarheid kennis kan neem van die baanbrekers se bydrae om 'n ryke erfenis tot stand te bring. Vir die historikus is hierdie publikasie 'n betekenisvolle toevoeging tot die literatuur wat reeds op die terrein van die plaaslike en streekgeskiedskrywing bestaan. Ook die genealoog en belangstellende in die familiegeskiedenis behoort hierdie boek nuttig en insiggewend te vind.

In die verlede het die meeste dorpsgeskiedenisse 'n redelike stereotipe benadering en aanbiedingswyse geopenbaar; die verhaal van 'n dorp is naamlik meestal chronologies of in tydsvolgorde behandel terwyl die mense wat lewe, karakter en kleur aan die dorp moet gee weinig meer as vaag-omlynde figure is wat bloot 'n "toevallige noodsaaklikheid" in 'n breë agtergrond van gebeure bly. Met sy tematiese benadering tot die verhaal van Ermelo het die skrywer die bewering geloënstraf dat 'n dorpsgeskiedenis eintlik nie veel meer as 'n opeenvolging van gemeenplase of prosaïese bedrywighede is nie.

Sy logiese en sinvolle indeling van die wydgeskakeerde aktiwiteite wat die Ermelo-samelewing kenmerk, tesame met die bondige lewensketse van ruim sewentig persone wat in die geskiedenis van die dorp en distrik figureer, maak van dr. Lombard se boek iets besonders. Die geskiedenis van 'n dorp of streek is immers hoofsaaklik die verhaal van die mense wat dit bewoon en wat deur gemeenskaplike belange en dikwels ook onderlinge verwantskap saamgebind is. In hierdie gedenkboek is die mense van Ermelo inderdaad in die middelpunt geplaas en is daar lewe en karakter aan hulle gegee.

Die ruim mate waarin die skrywer van lewensketse in die teks gebruik maak, is in 'n sekere sin tog ook steurend in die gang van gebeurtenisse; dit kon moontlik uitgeskakel gewees het indien die lewensbeskrywings omraam is om dit van die deurlopende verhaal te skei.

## HOOFSTUKINDELING

In hoofstuk 1 (Die Oos-Transvaalse Hoëveld) word die ligging, bou en klimaat van die landstreek bekend as die Hoëveld in oënskou geneem en Ermelo se geografiese ligging ten opsigte van dié kontrei word beskryf. 'n Sketskaart om hierdie ligging aan te dui, ontbreek egter. Die vestiging van die eerste inwoners in die omstreke van Ermelo word vervolgens behandel en van enkele bekende Blanke pioniers soos H.T. Bührmann, N.J. Breytenbach, J.J. de Clerq, L. de Jager, J.H. Grobler en N.J. Smit word kort lewensbeskrywings verstrek. 'n Onderafdeling word ook gewy aan die nedersetting van 'n groepie Skotse immigrante onder leiding van Alexander McCorkindale by Nieuw Schotland.

Die stigting van en bestuurreëlings vir die dorp Ermelo kom in die tweede hoofstuk aan die beurt. Aangeleenthede soos water- en elektrisiteitsvoorsiening, sanitasie, dorpsuitbreiding, strate, brandweer, die oprigting van 'n burgersentrum, verbetering van die estetiese voorkoms van die dorp en algemene administrasie word nader toegelig. Heelwat ruimte word ook afgestaan aan stadsklerke en die rol wat hulle in die ontwikkeling van plaaslike bestuur gespeel het. Die daarstelling van woongebiede vir Indiërs en Swart mense word ten slotte bespreek.

Landbou is die belangrikste ekonomiese bedrywigheid in die distrik Ermelo en derhalwe word 'n groot gedeelte van hoofstuk 3 (Ekonomie) daaraan gewy. Aspekte van die boerdery soos veeteelt, wolproduksie, die stigting van wolkwekersverenigings, suiwelproduksie, die teel van stoetvee en -perde, arbeid en die bemarking van landbouprodukte word onder meer behandel. Lewensketse van 'n vyftal vooraanstaande boere en 'n beskrywing van die landbounavorsingstasie by Nooitgedacht word ook gegee. 'n Uiteensetting van die ontwikkeling van handel, vervoer en kommunikasie, toerisme, mynbou en nywerhede asook die plek daarvan in die ekonomiese opset rond hierdie hoofstuk af.

Hoofstuk 4 het as tema die godsdienstige ontwikkeling op Ermelo. Die ontstaan en groei van die drie gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk word beskryf en verder toegelig aan die hand van biografiese sketse van enkele leraars wat daar in die bediening gestaan het. Ander kerkgenootskappe se geskiedenis word ook nagegaan. Daaruit blyk dit dat op Ermelo ruim voorsiening gemaak word vir die geestelike behoeftes van lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerk, die Methodist Church, die Anglican Church, die Lutherse Kerk, die Rooms-Katolieke Kerk, die Apostoliese Geloofsending, die Nuwe Protestante, die Jehova Getuies, die Sewende Dag Adventiste en so meer. Aan sendingaktiwiteite het die skrywer egter feitlik geen aandag gegee nie.

In die hoofstuk oor onderwys word ter inleiding slegs sydelings na plaas- en wykskole in die distrik verwys. Opvoeding en onderwys op die dorp word breedvoeriger behandel en met spesiale klem op Blanke-onderwys. Die geskiedenis van die eerste dorpskooltjie, die Uitkomstskool (C.N.O.), die laerskole J.J. van die Merwe en Ermelo, die Hoërskool Ermelo, die Normaalskool (wat tot 1924 gefunksioneer het), die Kloosterskool, die Hoërskool Ligbron (tans die Hoër Handelskool Albert Hertzog), die English Primary School en die Tegniese Instituut word hierna beskryf. Die skrywer wy ook meer as twee bladsye aan kosskole wat op Ermelo tot stand gekom het en aan die rol van die skoolraad op opvoedkundige gebied.

Die gemeenskapslewe (hoofstuk 6) van Ermelo word uitgebeeld in 'n wye verskeidenheid aktiwiteite; dit sluit onder meer in die handhawing van orde en wet, verdediging, politieke ontwikkeling (parlementêre en provinsiale verteenwoordigers vir die kiesafdeling), gesondheidsdienste, kultuurbeoefening, sport en ontspanning. Die hoofstuk bevat oplaas ook kort biografiese sketse van 'n paar persone wat op Ermelo gebore is, skoolgegaan en/of grootgeword en later op verskillende terreine van die volkslewe gepresteer het (onder andere Toon van den Heever, proff. A.N. Pelzer, C.J. Uys en W.F.J. Steenkamp, dr. T.F. Muller en die skryfster Ela Spence).

'n Toekomsblik deur die stadsklerk van Ermelo maak die slothoofstuk van hierdie publikasie uit. Die uitdagings en eise wat die samelewing van die toekoms aan die inwoners sal stel, word op realistiese wyse aangestip. Klem word veral gelê op die feit dat die dorpsleuse — bestendige vooruitgang — steeds die rigsnoer vir toekomstige ontwikkeling sal bly.

* * *

Op die keper beskou, is hierdie publikasie 'n aanwins vir streekhistoriese navorsing in die besonder en die vaderlandse geskiedenis oor die algemeen. Die boek is besonder keurig uitgegee en tipografies puik versorg. Sowat 180 toepaslike foto's, waarvan etlike in volkleur, maak van die publikasie aangename lees- en kykstof. 'n Aantal bylaes wat handel oor die dorp Ermelo in Nederland, die oudste straatname, burgemeesters, bestuurskomitees en Ermelo se dorpslied is ook opgeneem. 'n Lys van geraadpleegde werke en 'n verkorte register van persoonsname sluit die publikasie af.

*C.C. ELOFF*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*